

Solidariteit en Kiepersol vat hande

Kiepersol se senior burgerverteenwoordiger, Frank Smith, en sy vrou Hettie, het 'n oggendtee gereël waar Mariana Kriel, streekverteenwoordiger van Solidariteit Helpende Hand, 'n groot klomp baba- en ander klere in ontvangs geneem het. Tydens die byeenkoms is daarop gewys dat die SA Woonwa-Assosiasie nie 'n welsynorganisasie is nie maar as 'n Afrikaans-georiënteerde liggaam vierkantig deel van die gemeenskap is en daarom graag gemeenskapsprojekte ondersteun.

Mariana het daarop gewys dat Helpende Hand glo aan opheffing, opleiding en skep van geleenthede.

“Ons glo aan die opheffing van gemeenskappe wat nie normaalweg deur die regering bygestaan word nie. Ons skep geleenthede sodat mense vir hulleself kan sorg. Ons vat hande en werk saam met ander organisasies soos die CMR om in die behoeftes van minderbevoorregtes te voorsien. Ons beskik oor 'n netwerk takke wat nood in hulle onmiddellike omgewings verlig.”

Dit was Mariana se kernboodskap, toe sy die senior burgers van streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie by 'n oggendtee op 15 Junie ontmoet het. Die versoek om babaklere saam te bring het 'n oorweldigende reaksie uitgelok. Letterlik vragte baba- en ander klere is bymekaargebring wat aan Helpende Hand oorhandig is.

Mariana het na die vinnig groeiende armoede in die Afrikaanse gemeenskap verwys. Daar is na raming tans 600 000 persone wat in informele skuilings bly. Helpende Hand het die ondersteuning van vrywilligers wat hulle op die nood van hierdie mense toespits.

Pieter van Biljon, gebiedsvorsitter Jakaranda en Johanna van Biljon, die gebied se senior burgerkoördineerder, was die gashere. Frits en Etrechia Crous van streek Rietvallei, was ook teenwoordig.

(Berig en foto's: Johann Lemmer)



Johanna van Biljon, senior verteenwoordiger, Sawa-gebied Jakaranda, Mariana Kriel, streekorganiseerder Helpende Hand, Hettie en Frank Smith, senior verteenwoordiger Sawa-Kiepersol en Pieter van Biljon, vorsitter, Sawa-gebied Jakaranda



Oom Gert en tannie Anna Rall wat nog baie aktief in die streek is



Mariana Kriel, Hettie en Frank Smith, Frits en Etrechia Crous



Frank en Hettie Smith saam met Mariana Kriel by die klere wat ingesamel is



Christo vd Merwe het die geleentheid gebruik om voorbrand te doen vir senior burgers se kuier in September aan streek Oranje



Iloma de la Harpe, Martie en Christo vd Merwe



Christo vd Merwe, oom Gert Rall en Annatjie Voges



Mariana Kriel en tannie Anna Rall met van die truië wat sy spesiaal vir behoevende kinders gebrei het